‘n Goeie Tjokkie….

… gee om hoe ‘n maatjie voel.

Verduidelik aan u kleutertjie om nie aan ander te doen wat jy nie aan jouself gedoen wil hê nie. Wat nie vir jou lekker is nie, is ook nie vir ‘n ander lekker nie.

So leer ons tuis

Laat kleuters SELF doen wat hul KAN doen. Moenie alles VIR hulle doen nie. Laat hul probeer en leer. Bv.‘n Bottel oop-draai/toedraai,‘n pakkie “chips” oopmaak, iets opvou, iets afvee, met‘n besem uitvee, skoenveters vasmaak,‘n broodjie smeer en vele meer!

Jy sal verbaas wees wat hulle KAN doen!

Middagkleuter-kossies

Noudat die Lente begin nader kom, wil ons vra dat u asseblief vir die middagkleuters koue kossies begin inpak wat nie warm gemaak hoef te word nie.

Baie dankie!

LENTEDAG

Ons vier Lentedag vanjaar met ‘n worsie-braai en ‘n plaas-tema. Hou in gedagte om u kleuterjie daardie dag volgens tema aan te trek skool toe. Dit gaan lekker “boere-pret” wees!

Tjokkies Preprimêr
TEL: 051-522 3628

Tjokkiebrief

KW.3 NUUSBRIEF 3 17 AUGUSTUS 2017

Honde Vertoning - Môre

Tjokkiedrag verpligtend

Uitstaande R10 betaalbaar, ook skenkings van enige honde- of katkos. Honde kombersies is ook welkom.

Onthou:

Hondevertoning R10
Hondekos

Terrein werk

Geen Bederfdag môre

MARKDAG
25 Augustus

“Grootskool” Kuierdag vir KLEUTERS

Dit is slegs vir kleuters wat in 2018 Graad 1 toe gaan.

Môre om 11:30 tot 13:00

Ons neem die Tjokkie-kleuters na die saal. Na die geleentheid moet **oggendkleuters** se ouers **self** u kleuter om **13:00** gaan afhaal.

Middagkleuters word terug gebring na die kleuterskool.

Gr. 1 - Inligtingsaand vir OUERS

30 Augustus 18:00 - 20:00

Verwelkoming van nuwe Kleuters & Ouers 2018

Woensdag 23 Augustus, om 17:30 in die **skoolsaal**.

Parkering in Rossstraat.

Ons huidige kleuters het nie daardie dag skool nie en kan tuis bly.

Daar is ook **geen middagsorg nie.**

Ons wil graag die klassies skoon en gereed kry vir die geleentheid. Indien hierdie reëling vir u moeilik is, kan so ‘n kleutertjie tot **11 uur** by die skool geakkomodeer word. Dankie vir u begrip.

Tjokkie Vrugte– en Groentemark

Ons gaan **MARKDAG** hou!

Een van die tema's van die kwartaal is Vrugte en Groente. Om meer daarvan te leer hou ons 'n markdag en die "Cherry" op die koek is dat die kleuters self die verkope gaan hanteer!

Reëlings:

Woensdag, 23 Augustus:

Hierdie dag is 'n goeie geleentheid vir ma of pa en kleutertjie om self 'n groentemark of supermark te besoek en vrugte of groente vir die huis aan te skaf. Kies dan 'n paar daarvan uit en sit dit in 'n sakkie om die volgende dag skool toe te bring. (Dit is u bydrae vir ons MARKDAG.) Indien u 'n meer ongewone vrug of groente kan byvoeg, sal dit interessant wees vir die kleuters.

Donderdag, 24 Augustus:

Al die kleuters bring hul vrugte en/of groente vir die Mark skool toe. By die skool gaan ons daarvan leer, dit sorteer, weeg, voel, ruik en tel!

Vrydag, 25 Augustus: Tjokkie Markdag!

Mamma's, pappa's, oupas en oumas kan kom koop by die kleuters. Daar gaan groot "bargains" wees!

Verkope vind plaas tussen 11:30 en 12:30

Wanneer u u kleuter by die skool kom haal, (kom 'n bietjie vroeër) bring geld en 'n mandjie vir aankope saam en kom koop by die Tjokkie Mark! Die geldjies wat die mark inbring gaan aangewend word om weer vir die kleuters ietsie gesond te voorsien, soos byvoorbeeld vrugtesap of vrugteslaai.

Sosiale Komitee

Gaan asseblief die notule na tov verpligtinge vir ons verwelkomingdag.

Komitee's

Terreinwerksdag ~ Saterdag, 19 Augustus

Reeds vroeg Saterdag begin ons werkskaf in die tuin, bring asseblief eie gereedskap saam.

Dankie aan die ouers wat al reeds besig is om ons tuin mooi te maak.

Ons benodig 'n borgskap

Elke jaar met ons Tjokkie Sportdag speel ons kleuters in eenderse span-hempies. Die huidige hempies is al 21 jaar gelede aan die skool geskenk deur 'n borgskap.

Ons voel hierdie hempies het al meer as hul doel gedien en is nie meer mooi nie.

Indien enige ouer weet van 'n instansie wat sal belangstel om vir ons nuwe T-hempies te borg, bring dit asseblief so gou as moontlik onder ons aandag.

Die Sportdag is jaarliks 'n groot opgewondenheid en nuwe hempies sal dit nog meer spesiaal maak.

Twee wetenskaplikes genaamd Armand & Stephen (Blouklas) het in die Tjokkie-tuin 'n nuwe spinnekop-spesie ontdek:

Die "Wydsbeen-spinnekop" !!

(Langbeen-spinnekop)



Kan u help?

Ons het vir Saterdag se tuinwerkdag baie spoelklippe en ander klippe nodig vir die tuin.

Ons benodig ook leë roomyshouers, margarine bakkies of Joghurt houers om verf in te meng, ensovoorts.

Baie dankie aan ITEC wat baie van ons drukwerk behartig asook die druk van ons weeklikse Nuusbrief.